# RAMPFONDS – COVID-19

## COVID-19 RAMPFONDSTOEKENNINGS: REËLS & REGULASIES

1. Helderberg Uitreik se Rampverligtingfonds ("die Fonds") ontvang tans bydraes wat spesifiek vir die ondersteuning van Covid-19-noodgevalle bedoel is.

2. Die toekennings sal binne die Rampverligting-projek bestuur en geadministreer word deur 'n projekeienaar, wat die primêre kontakpersoon vir rampfonds sal wees, en die Rampverligting-projekleier.

| | **Naam** | **Sel nr** | **E-pos** |
|---|---|---|---|
| Projekeienaar: | Chris Eagar | 0828737363 | VATiQ@outlook.com |
| Projekleier: | Pia Nanny | | pia.nanny@gmail.com |

3. Die Fonds sal aanvanklik 'n maksimum van tot en met R10 000 per aansoek bewillig. Dit sal gemik wees op bewese Covid-19-nood en sal fokus op verlies aan inkomste en behoefte aan basiese lewensmiddele van die aansoeker of laasgenoemde se werknemers.

4. Die beskikbaarheid van hulpverlening sal afhanklik wees van die verkryging van bydraes uit die gemeenskap en word uiteraard beperk tot beskikbare fondse ingewin vir hierdie doel.

5. 'n Covid-19 Rampfondskomitee sal aansoeke oorweeg aan die hand van die volgende kriteria (soos aangepas van tyd-tot-tyd):

Aansoekers sal die volgende inligting moet verskaf:

- Finansiële state (vir 'n besigheid);
- 'n Opsomming van die omstandighede en bewys van die direkte korrelasie van die behoefte met Covid-19;
- Hoeveel mense geraak word;
- Die spesifieke doel waarvoor die bystand aangewend sal word, bv. lone, voedsel, ens.
- Geskatte tydperk waarvoor bystand benodig sal word;
- Bestaande maandelikse inkomste van die betrokke huishouding;
- Ander bronne van hulp getoets;
- Waarde van bystand van ander bronne ontvang.

6. Aansoekers sal versoek word om ’n amptelike aansoekvorm, soos hierby aangeheg, in te dien.

7. ‘n Covid-19-komitee, wat bestaan uit die projekleier, voorsitter van die Rentmeesterskomitee, en ’n derde lid sal die aansoeke deurlopend evalueer en die hulp toeken, inaggenome bogenoemde kriteria.

8. Om te kwalifiseer vir die toekenning moet aansoekers woonagtig wees in die Helderbergkom;

9. Toekennings mag slegs vir die volgende doeleindes aangewend word:

   (i) Betaling van lone/salarisse;

   (ii) Aankoop van basiese lewensmiddele;

   (iii) Indien enige surplus fondse beskikbaar is, kan ander dwingende behoeftes in oorleg met die Covid-19-komitee ook oorweeg word;

   (i) Om bogenoemde te staaf, moet aansoekers ’n kort motivering wat bogenoemde kriteria aanspreek aan die komitee verskaf voor die 20ste van die maand.

# AANSOEKVORM
## COVID-19 RAMPFONDS

Die onderstaande vorm moet deur die aansoeker voltooi word.

Naam van aansoeker: .....

Naam van instansie / besigheid (indien van toepassing): .....

E-posadres: .....

.....

Woonadres: .....

.....

Kontaknommer: .....

.....

| Die gemiddelde, gesamentlike maandelikse inkomste van ons huishouding is tans (waar van toepassing) | |
|---|---|
| Identifiseer bronne | Totale inkomste in rand (R) |
| | R |

Die volgende ondersteunende dokumente moet by die aansoek aangeheg word:

- Finansiële state, nuutste bestuurstate en, indien moontlik, geskatte kontantvloei vir volgende paar maande (vir ’n besigheid);
- ’n Opsomming van die omstandighede en bewys van die direkte korrelasie van die behoefte met Covid-19;
- Hoeveel mense geraak word;
- Die spesifieke doel waarvoor die bystand aangewend sal word, bv lone, voedsel, ens.
- Geskatte tydperk waarvoor bystand benodig sal word;
- Ander bronne van hulp getoets;
- Waarde van bystand van ander bronne ontvang.

| | |
|---|---|
| Handtekening | Handtekening |
| Datum: ---------- | Datum: ---------- |

**Toekenningsvoorwaardes**

Algemene voorwaardes:

.

1. Die aansoeker moet in die Helderbergkom woonagtig wees;
2. Die Covid-19-komitee mag vereis dat betaling direk aan ’n kleinhandelaar geskied, ten bate van werknemers van die aansoeker;
3. Die toekenning mag slegs vir dwingende lewensmiddele en/of die betaling van lone/salarisse aangewend word, of soos binne die diskresie van die Covid-19-komitee ooreengekom;
4. Die besluit van die Covid-19-komitee is finaal en nie oop vir onderhandeling nie.